

## **Inleiding tot die 10 Gebooe – Die Morele Wet van God -**

Geen dokument in geskiedenis het die wêreld so positief beïnvloed soos wat die 10 Gebooe (God se Morele Wet) gedoen het nie.

Die Westerse beskawing, die beskawing wat universele menseregte ontwikkel het, hom vir vroue-gelykheid beywer het, slawerny beëindig het, parlementêre demokrasie ontwikkel het, asook ander unieke prestasies, sou nie sonder die 10 Gebooe ontwikkel het nie.

Soos ons elkeen van die 10 Gebooe gaan verduidelik, sal jy sien dat hierdie Gebooe is vandag nog net so relevant is as toe hulle meer as 3000 jaar gelede gegee is. Inteendeel, hulle is so relevant dat die 10 Gebooe al is wat nodig is om van die wêreld 'n goeie wêreld te maak, vry van wrede en onderdrukkende regerings.

Veronderstel vir 'n oomblik 'n wêreld waarin geen moord of diefstal plaasvind nie... In so 'n wêreld sal daar nie 'n behoefte wees aan weermagte, polisie, of wapens nie. Mans, vrouens en kinders sou, dag of nag, enige plek kon loop en speel, sonder enige vrees om vermoor of besteel te word.

Veronderstel verder 'n wêreld waarin geen mens begeer wat aan ander behoort nie, 'n wêreld waarin kinders hul vaders en moeders eerbiedig en waarin die familie-eenheid floreer. 'n Wêreld waarin mense die opdrag eerbiedig om nie te lieg nie... Die resep vir 'n goeie wêreld is als daar in hierdie 10 verhewe Wette.

Maar, daar is 'n "kinkel in die kabel"! Die 10 Gebooe berus op die besef dat hulle gegee is deur 'n Gesag hoër as enige mens, koning, of regering. Dit is hoekom die sin wat die 10 Gebooe vooraf gaan, sê:

**"TOE het God** al hierdie woorde gespreek en gesê:.."

Sien, as die 10 Gebooe, so wonderlik soos dit is, deur enige menslike gesag gegee is, dan kon enige persoon gesê het: "Wie is hierdie man Moses dat ons na hom moet luister?" of: "Wie is hierdie koning of koningin?" of: "Wie is hierdie regering om vir my te sê hoe ek myself moet gedra?"

So, hoekom is God onmisbaar vir die 10 Gebooe? Want, om dit so direk as moontlik te stel, as dit nie God is wat moord verkeerd verklaar nie, dan is moord nie verkeerd nie. Ja, dit is vir baie mense vandag onverstaanbaar, selfs absurd! Baie mense dink "lees ek reg? Word hier regtig gesê dat jy nie 'n goeie persoon kan wees as jy nie in God glo nie?" Nee, verseker nie! Natuurlik is daar goeie mense wat nie in God glo nie, net soos daar bese mense is wat wel in God glo. Dan ook is daar baie mense wat ook dink: "Ek weet dat moord verkeerd is. Ek het nie God nodig om dit vir my te vertel nie." Hierdie reaksie is slegs half waar! Ongetwyfeld, as jy 'n Ateïs is, en jy

sê: "Moord is verkeerd", dan is dit so dat jy wel glo dat moord verkeerd is. Maar vergewe my, jy HET God nodig om jou dit te vertel. Ons almal het God nodig om ons dit te vertel. Sien, selfs al het jy op jou eie beseft dat moord verkeerd is, sonder God en die 10 Geboie "Hoe WEET jy dat dit verkeerd is?" Nie GLO dit is verkeerd nie, maar WEET dit is verkeerd...? Die feit is, jy kan nie! Sonder God is reg en verkeerd net persoonlike oortuigings en persoonlike opinies. Byvoorbeeld: Ek dink winkeldiefstal is "ok" maar jy nie. Tensy daar 'n God is, is ALLE moraliteit net 'n opinie en oortuigings. En feitlike elke Ateïs-filosof het dit al erken.

Nog 'n probleem met die sienswyse dat mens nie God nodig het om te weet dat byvoorbeeld moord verkeerd is nie, is dat 'n klomp mense net eenvoudig nie jou sienswyse deel nie... Mens hoef nie baie ver in die geskiedenis in te gaan om dit te bewys nie. In die 20ste eeu het miljoene mense in die Kommunistiese beskawing en onder die Nazi-regering ongeveer 'n 100 miljoen mense gedood, en dit sluit nie 'n enkele soldaat in wat in die oorlog gesterf het nie! So, moenie te gemaklik raak met mense se vermoëns om sonder 'n Hoër Gesag die verskil tussen reg en verkeerd te kan onderskei nie. Dit is heeltemal te maklik om omgehaal te word deur 'n regering, 'n radikale, of 'n ideologie of om te rasionaliseer dat die verkeerd wat jy doen, "nie regtig" verkeerd is nie.

Selfs al kan jy onderskei tussen reg en verkeerd, is God STEEDS nodig. Mense wat die verskil tussen reg en verkeerd ken, doen dan al die tyd die verkeerde dinge! Hoekom? Want hulle kan! Hulle kan want hulle dink niemand kyk nie. Maar as jy erken dat God die bron is van Morele Wet, dan glo jy dat Hy altyd kyk en jou gedrag sal dan beter wees. Daarom, al is jy 'n Ateïs sal jy wil hê dat mense volgens die Morele Wet van die 10 Geboie leef. Selfs 'n Ateïs moet erken dat hoe meer mense glo dat God dit gegee het, en daarom nie net opinies is nie, hoeveel beter sal die wêreld dan nie wees nie!?

In 3000 jaar het niemand nog ooit vorendag gekom met 'n beter sisteem as die God-gebaseerde 10 Geboie vir die maak van 'n beter wêreld nie, en niemand sal ooit kan nie!

## **1. Ek is die Here jou God -**

Wat is die eerste van die 10 Geboie? Klink dalk na 'n snaakse vraag, maar dit is nie. Sien, Jode en Christene gee verskillende antwoorde. Die rede is dat die 10 Geboie in die oorspronklike Hebreeuse teks, die "10 stellings" genoem is. Omdat die Hebreeuse teks die oorspronklike is, begin ons met die eerste "stelling":

"Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het."

Hierdie stelling is sò belangrik dat geeneen van die ander Gebooie daarsonder sin maak nie.

1. Eerstens, stel dit dat God hierdie Gebooie gee, nie Moses of enige ander mens nie.
2. Tweedens, God is die een wat jou uit slawerny bevry het – weer eens was dit geen mens nie, selfs nie Moses nie! Daarom het ons 'n verpligting teenoor God! En wat is daardie verpligting? Dat ons sal leef volgens die volgende nege Gebooie.

Dit is die begin van wat beskryf word as "etiese Monoteïsme", die grootste, wêreld-veranderende innovasie van die Hebreeuse Bybel. Die woord het twee betekenisse:

- a. Die "Een God" (Monoteïsme) is "die bron van Etiek en Moraliteit" (eties: sedelike gedrag en waardes). "Moraliteit" is 'n objektiewe kode van reg en verkeerd wat nie voortspruit uit menslike opinies nie, maar wel uit God voortspruit en daarom is Moraliteit verhewe bo menslike opinies.
  - b. Die tweede betekenis van "etiese Monoteïsme" is dat wat God die meeste van ons verlang, is dat ons ander mense moreel reg sal behandel! Geen van die 10 Gebooie gaan oor wat mense "vir" God moet doen nie. Gebooie wat gegee is voor die 10 Gebooie, het almal tedeo gehad met wat die mens "vir" hulle gode moes doen, byvoorbeeld: om hulle kos te gee; om selfs mense vir hulle te offer. Maar nou, danksy die 10 Gebooie het die mensdom geleer dat wat God wil hê, is dat ons ons medemens goed sal behandel. Selfs die Gebooie wat handel oor "nie valse gode aanbid nie" en "nie God se naam ydellik gebruik nie" handel uiteindelik oor moraliteit. Dit wat ons "vir" God kan doen, is om al Sy ander kinders ordentlik te behandel. Elke ouer kan hiermee identifiseer: Ouers, oftewel goeie ouers, het oneindige vreugde as hul kinders liefdevol teenoor mekaar optree en onbeskryflike hartseer wanneer hulle sien hulle kinders maak mekaar seer. So-ook is God, wat as ons Hemelse Vader beskryf word, besorgd oor hoe ons teenoor ander mense optree, want almal is Sy kinders.
3. Die derde kritiese punt van die eerste stelling "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het", is die belangrikheid en betekenis van VRYHEID! Neem kennis dat God nie hier aan die begin van die 10 Gebooie sê dat Hy die wêreld geskep het, en DAAROM moet ons vir Hom luister nie. Dit sou wel indrukwekkend wees as God Homself so bekendstel voordat die 10 Gebooie gegee word maar nee, die een ding wat God verklaar, is dat Hy die kinders van Israel uit die huis van slawerny bevry het en na

vryheid uitgelei het – dit is hoeveel God slawerny haat, en hoe belangrik God VRYHEID beskou. Die stigters van Amerika het hul totale uitkyk van Amerika op hierdie geloof gebaseer, dat God ons vry wil hê. Dit is hoekom daar op die mees ikoniese simbool van die Amerikaans revolusie, die “Vryheidsklok” (Liberty Bell) net een sin gegraveer is, ‘n vers van die Hebreeuse Bybel “*En julle moet ... ‘n vrylating in die land aan al sy bewoners uitroep.*”

Maar daar is een ander belangrike les aangaande VRYHEID wat deur die openingsvers van die 10 Gebooie vir ons leer: WAT VRYHEID BETEKEN. Die Gewer van die 10 Gebooie sê in realiteit: “Ek het jou uit slawerny na vryheid geneem en hierdie 10 Gebooie is die manier hoe om ‘n vry beskawing te verseker. Jy kan nie ‘n vry beskawing wees as jy doen wat ookal jy wil doen nie.” Nee, vryheid kom met morele selfbeheersing – daar is geen ander manier om vryheid te bewerkstellig nie!

4. Vierdens, en laastens: deur vir ons te sê dat Hy die Hebreeuse slawe bevry het, het God dit duidelik gemaak dat **Hy ernstig omgee vir die mensdom**. Dit is indrukwekkend om die wêreld te maak, maar wat die meeste saakmaak is nie net dat daar ‘n Skepper is nie, maar dat die Skepper **OMGEE** vir Sy skepping. **Dit alles is in die een stelling waarmee die 10 Gebooie begin.**

## 2. Aanbid Geen Ander Gode -

Kom ons gesels oor die Tweede Gebod volgens die oudste (die Joodse) numeriese stelsel (in Christendom is dit deel van die eerste Gebod):

“Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.” Die tweede Gebod gaan verder met: “Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is ‘n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my Gebooie onderhou.”

Die meeste mense wat aan hierdie Gebod dink, dink verstaanbaar dat hierdie Gebod slegs die aanbidding van afgode en gode verbied, soos die antieke gode van reën, vrugbaarheid, natuurgode en hoofgode soos die Romeinse god Jupiter en die Griekse god Zues. Maar, daar is ‘n groot probleem met die verstaan van hierdie Gebod. Niemand aanbid meer bogenoemde gode of afgode gemaak van klip en hout nie en daarom dink die meeste mense hierdie Gebod is nie meer van toepassing in vandag se moderne lewe nie.

Die ironie is egter dat hierdie Gebod nie net relevant is in vandag se moderne lewe nie, dit is in baie gevalle die MOEDER van al die ander Gebooië! Hoekom is dit dan so relevant vandag? Want in vandag se lewe het ons net soveel valse gode (byvoorbeeld: geld, eie-ek, natuur, akteurs, sangers, TV, Internet, ensomeer) soos wat die antieke mens aanbid het. Hoekom is hierdie Gebod die "moeder" van al die ander Gebooië? Want as ons valse gode identifiseer en aanbedding daarvan vermy, sal ons een van die grootste stuikelblokke uit die weg ruim vir die skep van 'n goeie wêreld: Valse gode!

Kom ons begin deur 'n valse god te definieer. Die punt van Bybelse Monoteïsme is dat daar **net een God** is, en dat net hierdie God, die Skepper van die Hemel en die Aarde, wat eis dat ons hierdie 10 Gebooië hou, aanbid moet word. Waarom?

- a. Eerstens, omdat "een God" beteken een menslike ras. Slegs wanneer ons almal dieselfde Skepper het (met ander woorde, een Vader) dan is ons almal broers en susters.
- b. Tweedens, deur dieselfde Ouer te hê, beteken ook dat geen persoon of groep inhierent meer waardevol is as die ander nie.
- c. Derdens, een God beteken een morele standaard vir alle mense. As God verklaar dat moord verkeerd is, dan is dit verkeerd vir almal, en jy kan nie na 'n ander god gaan vir 'n ander morele standaard nie!

Wanneer enigiets anders aanbid word, is daar slegte gevolge! Nie net dinge wat uit die aard van die saak tot boosheid (soos die aanbedding van mag, ras, geld, of landsvlag) kan lei nie, maar selfs ook dinge wat amper altyd gesien word as selfs mooi (soos kuns, onderwys, of selfs liefde). Ja, almal van hierdie "wonderlike" dinge, wanneer aanbid word, kan tot verskriklike gevolge lei.

Neem kuns as 'n voorbeeld: baie van die wreedste mense in die geskiedenis was lief vir mooi musiek en kuns, maar as 'n musiek- liefhebber het ek vroeg in die lewe geleer die nare waarheid dat goeie musiek gebruik kan word om mense te inspireer om boosheid te doen, net soveel as wat dit gebruik kan word om mense te inspireer om goed te doen.

Die groot Hollywood-regisseur Stanley Kubrick, het hierdie punt kragtig bewys in sy klasieke 1971 film genaamd "A Clockwork Orange", deurdat mense in die flik verkrag en gemoor het terwyl klasieke musiek in die agtergrond gespeel het.

Neem onderwys: Ons almal herken die belangrikheid wat onderwys kan wees, deur mense voor te berei om werk te kan kry, en tot die verstaan van die wêreld. Maar onderwys opsigself, geskei van die hoër gesag van God en goedheid, kan lei (en in baie gevalle HET gelei) tot groot boosheid. Menigtes van die bes-opgevoede mense in Duitsland, het Hitler en die Nazis

ondersteun, en so te sê almal van die Westerse wêreld was ondersteuners van die volksmoord-politieke sisteme van beide Stalin in die Soviet Unie en Mao in Shina - almal HOOGS opgevoede mense. Daar is niks aan 'n Universiteitsgraad wat sal verseker dat 'n mens wyser, meer goedgesind, meer eties sal wees as iemand met slegs 'n hoërskool- opvoeding nie.

Dieselfde is waar van selfs liefde: Liefde is natuurlik in die algemeen baie mooi, maar kan ook lei tot boosheid! In die 20ste eeu het mense wat die liefde vir hul land verhef het bo hul liefde vir God en goedheid, verskiklike booshede gepleeg. Hier is 'n toets vir jou: Veronderstel die troeteldier wat jy liefhet en 'n vreemdeling ('n persoon wat jy nie ken nie, en daarom nie kan liefhê nie), beide besig is om te verdrink. Probeer jy eers jou troeteldier red of eers die vreemdeling? Indien "liefde" die belangrikste was, dan sou jy jou troeteldier eerste red, maar as jy menseleuens hoër ag as liefde, sal jy nie jou hart (liefde) volg nie.

HIERDIE Gebod het die "etiese revolusie" van die Bybel en die 10 Gebooe, wat bekend is as "etiese Monoteïsme", moontlik gemaak. Aanbid die God van die 10 Gebooe en jy sal 'n goeie wêreld hê. Aanbid 'n valse god, maak nie saak hoe eerbaar dit klink nie, en jy sal opeindig met 'n wêreld van wreedheid.

### **3. God Se Naam Misbruik Nie -**

Is daar so iets soos die grootste sonde? Een sonde wat groter is as al die ander? Wel daar is. Ja, sommige mense verskil hieroor - Hulle verklaar mense kan geen sonde groter as enige ander sonde verklaar nie want, sê hulle, "vir God is 'n sonde 'n sonde".

Volgens hierdie beskouing is 'n persoon wat 'n pen by die kantoor steel net so groot sondaar in God se oë soos iemand wat 'n moord pleeg. Maar die meeste mense instinktiewelik, sowel as Bybels, verstaan dat sekere sondes duidelik erger is as ander. Ons is seker dat God darem dieselfde oortuigings het as wat ons het.

Die God van Judaïsme en Christendom stel nie die steel van 'n kantoor- item gelyk aan moord nie. Daarom dan, wat is die grootste sonde? Die grootste sonde is om boosheid te pleeg in God se naam. Hoe weet ons dit? Die Derde Gebod van die 10 Gebooe maak dit duidelik! Hierdie Gebod is die enigste van die 10 Gebooe wat verklaar dat God NIE die persoon vergewe wat hierdie Gebod oortree nie! Wat sê hierdie Gebod:

"Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie."

Die meeste mense dink, verstaanbaar, dat die Gebod ons verbied om God se naam op ongepaste wyse of vir geen goeie rede sal uitspreek nie. So, iets soos: "God, did I have a rough day at work today!" is, volgens hulle,

’n oortreding van God se Derde Gebod. Hierdie interpretasie veroorsaak ’n werklike probleem - Dit beteken dat God die oortreding van enige ANDER sonde kan vergewe (oneerbiedig wees teenoor ouers, egbreek pleeg of selfs moord), maar Hy sal nooit iemand vergewe wat sê "God, did I have a rough day at work today!" Kom ons wees eerlik, as dit die geval is, sal dit God en die 10 Gebooue moreel onverstaanbaar maak.

Soos dit is, is die probleem NIE die Gebod nie maar die vertaling van die Gebod. Die Hebreeuse oorspronklike teks sê nie "do not take", dit sê eerder "do not carry". (Die Afrikaanse vertalings sê "gebruik" of "misbruik", en is korrek vertaal.)

"Jy sal nie die Naam van die HERE jou GOD misbruik nie" – dit is baie nader aan die oorspronklike bedoeling.

Wat beteken dit om God se Naam te misbruik? Dit beteken om boosheid te pleeg in God se Naam, en DIT sal God hulle nie vergeef nie. Hoekom nie? Wanneer ’n ongelowige persoon boosheid pleeg, dan bring dit nie God of godsdiens in oneer nie. Maar wanneer ’n godsdienstige persoon boosheid pleeg, veral in God se Naam, dan pleeg hulle nie net boosheid nie, hulle doen verskriklike skade aan die Naam van God. In ons tyd is daar ’n voorbeeld daarvan. Die boosheid wat gepleeg word deur Islamiete wat mense martel, terreurdade pleeg, mense se kele afsny, massamoord pleeg, ALLES in die Naam van God. Dit doen verskriklike skade aan die Naam van God. Dit is nie toevallig nie dat wat genoem word "die nuwe Ateïsme", die grootskaalse ontploffing van Ateïs-aktiwisme, plaasgevind het na die 9-11 terreur-aanvalle op Amerika deur Islam terroriste.

Om die waarheid te sê, die mees algemene argument teen God en godsdiens handel oor boosheid wat gepleeg word in God se Naam, of dit nou gepleeg word in die naam van Allah vandag of in die Naam van Christus in die verlede. Mense wat in die Naam van God moord pleeg, maak nie net hul slagoffers dood nie, hulle maak God ook "dood".

Dis waarom die grootste sonde "godsdienstige boosheid" is. Dit is waarom die Derde Gebod daar is om te leer "moenie God se Naam misbruik nie" want sou jy dit doen, sal God jou NIE vergewe nie!

#### **4. Onthou Die Sabbatdag -**

Baie mense wat groot respek het vir die 10 Gebooue dink nie dat die Vierde Gebod regtig belangrik is nie en ook nie bindend is nie. Wanneer jy die Gebod egter VERSTAAN, sal jy sien hoe lewens-veranderend, selfs wêreld-veranderend die Sabbatgebod regtig is, en jy sal begin om te waardeer hoe relevant dit in jou eie lewe is.

"Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan

mag jy géén werk doen nie — jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.”

Hoekom is hierdie Gebod so belangrik?

- a. Eerstens, seker meer as enige ander Gebod het hierdie Gebod die mensdom in status kom verhoog. Hoe so? Vir bykans die meeste van menslike geskiedenis het lewe in meerdere mate net bestaan uit werk, werk en nogmaals werk. In effek was die mensdom “werks-esels”. Hierdie Gebod, en slegs hierdie Gebod, het dit alles kom verander deur aan te dring dat mense een dag uit elke sewe ophou werk.
- b. Tweedens, meer as enige ander Gebod, herinner die Sabbatdag mense dat hulle bedoel is om waarlik VRY te wees. Die tweede weergawe van die 10 Gebooe, die een wat deur Moses in Deuteronomium opgesom is, verklaar: “En jy moet daaraan dink dat jy in Egipteland ’n slaaf was, en die HERE jou God jou daarvandaan uitgelei het deur ’n sterke hand en ’n uitgestrekte arm; daarom het die HERE jou God jou beveel om die sabbatdag te hou.”

In ander woorde: “Onthou julle was slawe en is bevry. Onthou verder dat slawe nie ’n rusdag het nie.” In die lig hiervan moet ek byvoeg dat in die Bybelse sienswyse, indien dit nie ’n noodsaak vir oorlewing is nie, is mense wat KIES om sewe dae ’n week te werk eintlik slawe... Slawe van werk of van geld, nogtans slawe! Die miljoener wat sewe dae ’n week werk, is eenvoudig ’n RYK slaaf.

- c. Derdens, terwyl die Bybel nie slawerny universeel kan beëindig nie, het die Sabbatgebod grootliks daardie verskriklike instelling vermenslik, en het selfs gehelp om slawerny onmoontlik te maak. Per definisie is ’n slaafeienaar onder geen verpligting om ’n slaaf toe te laat om ooit te rus nie, nog minder om hom een dag per week te laat rus nie. Maar dit is presies wat die Vierde Gebod beveel het. Selfs ’n slaaf het dus fundamentele menseregte! Daarom is ’n slaaf ook ’n mens.
- d. Vierdens, die Sabbatdag is amper uitsluitlik die oorsaak dat familie- en vriendskapsbande geskep en versterk word. Wanneer ’n persoon een dag ’n week sy werksbedrywighede staak, dan word daardie dag onvermydelik ’n dag van samesyn met ander mense naamlik familie en vriende. Dit het gelyksoortige positiewe effekte op die huwelik: Vra enigeen wat met ’n werkslaaf getroud is, hoe goed dit vir hul huwelik sou wees indien die werkslaaf vir een dag elke week nie werk nie – dan kan mens die krag wat die Sabbatdag inhou, waardeer.



- e. Vyfdens, die Sabbatgebod het vir diere waardigheid gebring. Selfs mens se diere moes een dag `n week rus. Dit is, sover ons van bewus is, die eerste nasionale wet in die geskiedenis vir diere- beskerming. Die voordele vir diere het sekerlik op ander terreine uitgekling as net die verpligte rusdag, een dag per week: Mense wat verplig gevoel het om hul diere op die rusdag te laat rus, het heel moontlik ook nie hul diere op enige ander dag van die week mishandel nie.

Elk van die bostaande vyf lewens-veranderende en beskawing-veranderende voordele van die Sabbat is beskikbaar vir ENIGEEN! Jy hoef nie `n Jood te wees, `n Christen, of selfs `n gelowige in God, om al hierdie voordele af te lei nie. Maar die realiteit is dat diegene wat glo dat die 10 Gebooie deur God gegee is, is diegene wat die Sabbatdag lewend gehou het.

Die God-faktor speel nog `n belangrike rol in die Sabbat – net soos geloof in God mense na die Sabbat bring, net so bring die onderhouding van die Sabbat mense tot geloof in God. Dit is hoekom die eerste weergawe van die 10 Gebooie (in Eksodus 20) eindig met hierdie woorde:

“...Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.”

Hoe ookal jy ses dae interpreteer, want menigte Joodse en Christen gelowiges interpreteer nie almal dae om 24 uur lank te wees nie, is die punt dit: Elke keer wanneer jy die Sabbat onderhou, bevestig jy dat daar `n Skepper is, dat die wêreld nie “net gebeur” het nie. Dat die lewe nie net `n betekenislose toeval is nie, maar dat dit oneindig betekenisvol is en daarom het elk van ons `n unieke betekenis en doel.

Nie sleg vir een dag van `n week nie! Geen wonder dat die Sabbatgebod een van die 10 Gebooie is nie. Geen wonder dat diegene wat die Sabbatdag in hul lewens eerbiedig, meestal gelukkiger is, `n ryker familie- lewe het, met meer kalmte, `n gemeenskap van vriende en ja, selfs gesonder! Jy mag dit dalk wil “uitprobeer”!

## **5. Eer Jou Vader En Jou Moeder -**

Die Vyfde van die 10 Gebooie lees:

“Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.”

Hierdie Gebod is sò belangrik dat dit een van die enigste Gebooie is in die hele Bybel WAT `n REDE GEE om dit te hou.

“...dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou

gee.”

Baie lees hierdie laaste deel van die Vyfde Gebod as 'n tipe vergoeding, maar terwyl dit wel beskou kan word as 'n vergoeding, staan die feit dat dit 'n rede is. As jy 'n beskawing bou waarin kinders hulle ouers eer, sal so 'n beskawing lank oorleef. Die teendeel is waar, 'n beskawing waarin kinders hul ouers nie eer nie, is tot selfvernietiging gedoem.

In ons tyd word die verhouding tussen “eer betoon aan ouers” en “onderhouding van die beskawing” nie wyd erken nie. In teendeel, menigte van die bes-opgevoede ouers glo nie dat hul kinders hulle eer hoef te betoon nie, want “eerbetoon” impliseer 'n outoriteitsfiguur, en dit is 'n status wat menigte moderne ouer verwerp! Daarby soek baie ouers eerder om liefgehê te word, nie geëer te word nie. Nie die 10 Gebooe en ook nie enige ander plek in die Bybel is daar 'n Gebod waarin kinders verplig word om hul ouers LIEF te hê nie. Dit is baie opvallend gegewe dat die Bybel beveel dat ons ons naaste moet liefhê, God moet liefhê, en die vreemdeling moet liefhê.

Die Bybel verstaan dat daar altyd individue sal wees wat, vir watter rede ookal, nie 'n ouer sal liefhê nie. Daarom eis dit ook nie iets wat sielkundig of emosioneel onmoontlik is nie. Maar dit eis wel dat ons eer teenoor ons ouers sal betoon. Dit maak hierdie eis SLEGS ten opsigte van ouers - daar is GEEN ANDER PERSOON wat die Bybel ons beveel om te eer nie.

Waarom dan, is eerbied vir ouers so belangrik? Waarom glo die 10 Gebooe dat die beskawing nie kan voortbestaan as hierdie Gebod grootliks oortree word nie?

- a. Eerstens, ons kinders het dit nodig. Ouers mag voel hul wil geëer word (en hul behoort so te voel), maar kinders MOET hul ouers eer. 'n Vader en 'n moeder wat nie geëer word nie is dan eintlik hul kinders se volwasse portuur, nie hulle ouers nie. Geen generasie weet beter as ons s'n wat die verskriklike gevolge is om sonder 'n vader groot te word nie. Vaderlose seuns is by verre meer geneig om groot te word en geweldadige misdaad te pleeg, vrouens te mishandel, of op een of ander manier verkeerd teenoor die beskawing op te tree. Meisies wat nie 'n vader gehad het om te eer (en hopenlik lief te hê) nie, is meer geneig om die verkeerde mans te kies en om op 'n jong ouderdom losbandig te verkeer.
- b. Tweedens, om ouers te eer, is hoe die meeste van ons tot die besef kom dat daar 'n Morele Outoriteit bokant ons is teenoor Wie ons moreel verantwoordelik is. Daarsonder kan ons nie 'n morele beskawing skep of onderhou nie. Natuurlik, vir die 10 Gebooe is God die hoogste Morele Outoriteit, en daarom ook bokant ons ouers verhewe is. Maar dit is baie moeilik om tot dié punt te kom om God te eer sonder dat ons ouers gehad het (veral 'n vader) om te kon eer. Sigmund Freud, die vader van psigiatrie en self 'n Ateïs, het korrek beweer dat mens se houding teenoor jou vader grootliks mens se houding teenoor God sal vorm.

- c. Daar is een ander rede hoekom eerbetoon teenoor ouers fundamenteel is vir 'n goeie beskawing - om eer te betoon aan ouers, is die beste teenmiddel teen 'n "een-wet-staatstelsel". Van die eerste dinge wat 'n "een-wet-staatstelsel" probeer doen, is om die ouer-kind-band te probeer verbreek. Die kind se trou verskuif dan van ouer oor na die staat. Selfs in 'n demokratiese beskawing, hoe groter die staat word hoe meer word die ouer-rol onderdruk.

Laastens is daar verskillende maniere om ouers te eer. Die algemene reël is dit: Hulle kry "spesiale behandeling". Ouers is uniek, daarom moet hulle op 'n unieke manier behandel word. Jy praat nie met hulle op presies dieselfde manier as enigiemand anders nie. Byvoorbeeld: Jy mag dalk kru taal gebruik wanneer jy met 'n vriend praat, maar nie met 'n ouer nie.

Jy noem hulle nie op hul naam nie, en wanneer jy uit hul huis trek en jy jou eie huis het, dan behou jy kontak met hulle. Deur geen kontak met ouers te hê nie, is die teenoorgestelde van hulle eerbiedig.

Ja, ons almal erken dat sommige ouers al so wreed opgetree het, (baie wreed, nie irriterend nie) dat mens dit moreel onmoontlik vind om hulle te eer. Daar is sulke gevalle, maar hulle is skaars.

Onthou dat as jou kinders sien dat jy jou ouers eer, maak nie saak hoe moeilik dit partykeer is nie, is die kansse veel groter dat hulle jou ook sal eer.

## **6. Jy Mag Nie Moord Pleeg Nie -**

Jy sal dink dat van al die Gebooe in die 10 Gebooe, die een wat die minste verduideliking benodig die Sesde Gebod is, want dit kom so duidelik voor...

Dit is die een wat die King James Bible, die mees in gebruikte Engelse vertaling van die Bybel, vertaal as: "Jy mag nie [doodmaak] nie."

Die teendeel is egter waar, hierdie Gebod (vanuit 'n Engelse perspektief) word van al die 10 Gebooe, die minste reg verstaan. Die rede is dat die oorspronklike Hebreuse teks NIE sê "moenie moor" of "moenie moord pleeg nie", dit sê verkeerdelik: "moenie doodmaak nie".

Beide Hebreus en Engels het twee woorde vir die neem van 'n lewe:

1. Een is "doodmaak" / "[ge]dood" (kill) of "Hagag" in Hebreus
2. Die ander is "moor[d]" / "vermoor" / "moord [peeg]" (murder) of "Ratsach" in Hebreus.

Die verskil tussen hierdie twee woorde is enorm! Die woord "doodmaak" beteken:

- i. Die neem van ENIGE lewe (mens of dier)

- ii. Neem van 'n mens se lewe opsetlik of per ongeluk
- iii. Neem van 'n lewe wettig of onwettig, moreel of immoreel

Aan die ander kant kan "moor[d]" / "vermoor" / "moord [peeg]" NET EEN DING beteken:

- i. Die onwettige en immorele neem van 'n lewe.

Dit is hoekom ons sê: "Ek het 'n muskiet dood[ge]maak", nie vermoor nie. Dit is ook hoekom ons sal sê: "Die werker is per ongeluk [ge]dood", nie "die werker was per ongeluk vermoor" nie.

Hoekom dan het die King James-vertalers die woord "doodmaak" gebruik in plaas van "moord [pleeg]"? Want 400 jaar gelede, toe hierdie vertaling gedoen is, was "doodmaak" dieselfde as "moord [pleeg]".

Die gevolg is dat sommige mense nie besef dat die Engelse taal sedert 1610 verander het en daarom dink hulle dat die 10 Gebooie ALLE vorms van doodmaak verbied. Maar natuurlik is dit nie die geval nie! As die 10 Gebooie enige vorm van doodmaak verbied, sal ons almal vegetariërs moet wees, want om diere dood te maak, sou dan verbode wees. Ons sou almal dan ook passiviste moes wees want dan sou ons nie kon doodmaak, selfs in selfverdediging nie.

Dit is nie nodig om te weet hoe die Engelse taal ontwikkel het om te kan verstaan dat die 10 Gebooie nie alle vorms van doodmaak verbied nie. Dieselfde gedeelte van die Bybel wat die 10 Gebooie bevat, die vyf boeke van Moses (die Pentateug) beveel die doodstaf aan vir moord, laat doodmaak gedurende oorlog toe, skryf dieroffers voor, en laat die eet van vleis toe.

Die korrekte verstaan van die Gebod op moord is krities want terwyl elke moderne vertaling dit korrek vertaal as "moet nie moord [pleeg] nie", is daar baie mense wat die King James-vertaling kwoteer om twee standpunte te regverdig wat nie Bybels korrek is nie: Teenstand teen doodstaf en passivisme.

Aangaande "doodstaf" in die Bybel, is die enigste Gebod wat voorkom in ELK van die vyf boeke van Moses (Pentateug) dat moordenaars "gedood moet word"! Teenstanders van die doodstaf is vry om hul opinie te behou dat alle moordenaars toegelaat moet word om te lewe. Maar hulle is NIE vry om die Bybel te kwoteer om hul standpunt te ondersteun nie. Tog doen menigtes dit en hulle kwoteer elke keer die Gebod "moenie [doodmaak] nie". Dit behoort nou genoegsaam duidelik te wees dat dit NIE is wat die Sesde Gebod sê of bedoel nie en is daarom 'n foutiewe argument.

Ten opsigte van passivisme, die glo dat dit ALTYD verkeerd is om 'n mens dood te maak (weer eens het enigiemand 'n vrye opinie, maak nie saak hoe immoreel dit is nie – wat ander woord as 'immoreel' kan mens gebruik as dit verbied word om in selfverdediging iemand dood te maak wat in die

proses besig is om onskuldige mans, vroue of kinders in 'n skool of in 'n teater te vermoor)?

Maar dit is oneerlik om die Gebod teen moord te kwoteer om passivisme te regverdig. Daar is iets soos "morele doodmaak" – dit word uit die aard van die saak gedoen in selfverdediging teen 'n aggressor, en daar is "immorele doodmaak", en die woord daarvoor is "moord"!

Die 10 Gebooe word op twee kliptafels uitgebeeld. Die vyf Gebooe op die tweede tafel handel oor ons optrede teenoor ons naaste. Die eerste Gebod op daardie lys is "moenie moor nie". Hoekom? Want moord is die ergste daad wat 'n persoon kan pleeg. Die ander vier Gebooe wat steel, egbreek, valslik getuig en begeer verbied, is almal ernstige oortredings, maar moord is bo-aan die lys want die doelbewuste neem van 'n lewe van 'n onskuldige persoon, is die verskriklikste ding wat mens kan doen!

Die volgende keer wat jy iemand hoor sê: "Moenie doodmaak nie", wanneer hulle die Sesde Gebod kwoteer, verduidelik sagkyns maar ferm dat dit eintlik sê: "Moenie moor nie"...

(Die Afrikaanse 53 vertaling vertaal dit korrek as: "Jy mag nie doodslaan nie." terwyl die Afrikaanse 83 vertaling dit ook korrek vertaal as: "Jy mag nie moord pleeg nie.")

## **7. Jy Mag Nie Egbreek Pleeg Nie -**

Daar is 'n ou grappie oor die Sewende Gebod: "Jy mag nie egbreek nie."

Dit lui so: Moses kom van die Sinaï-berg af en kondig aan: "Ek het goeie nuus en slegte nuus, die goeie nuus is dat ek Hom afgestry het tot by 10, die slegte nuus is dat egbreek bly..." Die grap is veelseggend!

Die verbod op 'n getroude persoon om in seksuele verhoudings te verkeer met enige iemand buiten sy of haar gade, mag vir baie mense die mees konstant moeilikste Gebod van die 10 Gebooe wees om te onderhou.

Die rede is nie moeilik om te raai nie.

- a. Een is die enorme krag van die seksdrang. Dit kan baie moeilik wees om in lyn te bly vir jou totale getroude lewe, veral as 'n aantreklike buitestaander hom of haarself seksueel aan jou beskikbaar stel.
- b. Nog 'n rede is die menslike begeerte om lief te hê en liefgehê te word. Vir normale mense is daar geen groter emosie as liefde nie. As jy verlief raak op iemand terwyl jy getroud is, neem dit groot inspanning om nie egbreek met daardie persoon te pleeg nie. As ons daarby voeg die ongelukkige omstandighede van 'n liefdelose huwelik, word egbreek nog moeiliker om te weerstaan. Dit is hoekom die grap waarmee ek begin het snaaks is, want dit reflekteer die waarheid.

Hoekom word egbreek in die 10 Gebooië verbied?

- Want, soos die ander nege, is dit onmisbaar in die skep en onderhouding van 'n hoër beskawing. Egbreek bedreig die boublokke van die beskawing wat die 10 Gebooië na streef om te skep. Daardie boublok is die FAMILIE - 'n getroude vader en moeder met hul kinders.
- Enigiets wat die familie-eenheid bedreig, word in die Bybel verbied. Egbreek is een voorbeeld. Om nie jou ouers te eer nie is nog 'n voorbeeld, en bloedskande 'n derde voorbeeld.

Waarom is die familie so belangrik?

- Want daarsonder is sosiale stabiliteit onmoontlik. Daarsonder is die oordrag van die beskawing se waardes van generasie tot generasie onmoontlik.
- Want toewyding aan 'n vrou en kinders maak 'n man meer verantwoordelik en volwasse.
- Want meer as enigiets anders verskaf families aan vrouens hul diepste emosionele en materiële behoeftes.
- En niks kom naby die familie om kinders veiligheid asook stabiele kinderjare te gee nie.

Waarom bedreig egbreek die familie?

- Die mees voor die handliggende rede is dat seks met iemand anders as jou gade, maklik kan lei tot een of beide gades wat hul huwelike verlaat en twee huwelike verwoes agterlaat. Egbreek lei nie outomaties tot egskeiding nie maar gebeur wel dikwels.
- Nog 'n rede hoekom egbreek 'n familie kan verwoes: Dit kan lei tot swangerskap en dan tot die geboorte van 'n kind. Daardie kind, in amper al die gevalle, begin die lewe met geen familie, menende geen vader en moeder wat met mekaar getroud is om sy eie te noem nie.
- Sou egbreek nie 'n familie verwoes nie sal dit amper altyd verskriklike skade aan 'n huwelik berokken. Buiten van die gevoel van verraad en die verloor van vertroue wat dit veroorsaak, beteken dit die eggenoot wat egbreek pleeg, lewe 'n bedrieglike lewe. Wanneer 'n man of 'n vrou seks met iemand anders behalwe hul gade het, sal hul gedagtes konstant gaan oor daardie ander persoon, en hoe om hul gade te bedrieg. Die lewe van misleiding wat 'n egbrekende verhouding behels, sal onvermydelik skade aan 'n huwelik berokken, selfs sou die bedriegde gade nie bewus wees van die verhouding nie.
- Laastens, die Gebod wat egbreek verbied, kom nie met 'n voetnota wat sê: "Egbreek is reg sou beide gades daarvoor saamstem nie". Gades wat buite-huwelikse seks het met die toestemming van hul man of vrou, mag dalk nie hul gade se gevoelens seermaak nie maar hulle verrig steeds skade aan die huweliks-instelling. Die rede vir

hierdie Gebod is om die FAMILIE te beskerm en nie soseer die beskerming van die gades se emosionele pyn nie.

Ongelukkig is baie huwelike in die moeilikheid en dit is nie vir enigeen van ons om ander se optredes te oordeel nie. Niemand weet wat aangaan in ander se huwelike nie, en sou ons weet, sou ons heel moontlik verstaan het waarom die een of die ander liefde buite die huwelik gesoek het. Maar, geen hoër beskawing kan geskep word, of staande bly wat egbreek goedkeur nie. DIT is hoekom egbreek in die 10 Gebooie verbied word!

## 8. Jy Mag Nie Steel Nie -

'n Goeie saak kan gemaak word dat die Agtste Gebod: "Jy mag nie steel nie", die een Gebod is wat al die ander Gebooie insluit.

Hoe so?

- Moord is die steel van 'n ander persoon se lewe;
- Egbreek is die steel van 'n ander persoon se gade;
- Begeer is die begeerte om te steel wat aan iemand anders behoort;
- Gee van valse getuienis is die steel van geregtigheid;
- Ensomeer.

Hierdie Gebod is uniek ook op 'n ander manier: Dit is die enigste Gebod wat 'n totate oop-einde het. Alle ander Gebooie is spesifiek. Die Vyfde Gebod, byvoorbeeld sê: "Ons moet ons OUIERS eer", die Sesde Gebod sê byvoorbeeld oor moord: "Om die lewe van 'n onskuldige MENS se lewe te neem", die Sewende Gebod wat egbreek verbied, is ook spesifiek: "Dit handel oor 'n getroude PERSOON" want twee ongetroude mense kan nie egbreek pleeg nie. Maar die Gebod teen steel maak geensins voorstelle wat dit is wat ons verbied word om te steel nie.

Dit beteken dat ons NIKS mag neem wat aan 'n ander persoon behoort nie. Verder het dit drie belangrike betekenisse:

- i. Eerstens, die Gebod teen steel was nog altyd verstaan om te beteken dat ons nie toegelaat word om 'n ander MENS te mag steel nie, wat bekend is as ontvoering (kidnapping). Dit is hoekom niemand wat selfs net 'n elementêre verstaan van die Agtste Gebod het, ooit die Bybel kan gebruik om die mees algemeenste vorm van slawerny, naamlik die ontvoering van mense om hulle as slawe te verkoop, kan regverdig nie! Kritici van die Bybel argumenteer dat die Bybel slawerny goedgekeur het, maar die vorm van slawerny wat beskryf is, was in omtrent al die gevalle, bekend as "vrywillige slawerny" - dit is die verkoop van jouself aan 'n ander persoon vir 'n vaste periode van tyd om daardeur skuld af te werk. Dit het niks te doene gehad met ontvoering van vry mense, soos wat gedoen was in Afrika en elders nie, dit was UITDRUKLIK VERBIED deur die Agtste Gebod!

- ii. Die tweede noemenswaardige betekenis van die Gebod teen steel, is die heiligheid van mense se eiendom. Net soos ons verbied word om mense te steel, is ons ook verbied om te steel wat mense besit. Dit is oor en oor bewys dat private eiendom, beginnende met grond-eienaarskap, onmisbaar is om 'n vry en ordentlike beskawing te skep. Elke "een-wet-staatstelsel" neem private eiendomsregte weg. In die antieke en middeleeuse wêreld het ryk mense al die land besit en die meerderheid van die bevolking het op daardie land gewerk vir die verryking van die eienaars. Toe, in die 19de eeu in Europa het menigte Sosialiste gestry vir die wegneem van privaat-eiendom en dit "gegee" aan die "mense". Waar daardie raad gevolg was, en wat bekend geword het as die Kommunistiese wêreld, het diefstal van eiendom vinnig gelei tot diefstal van vryheid en uiteindelik tot massiewe diefstal van lewens...
- iii. Die derde, verskriklik belangrike betekenis van die Gebod teen steel, is aangaande die "nie-materiële" dinge wat elke persoon besit. Hul reputasie, hul waardigheid, hul vertroue en hul intellektuele eiendom.
  - a. 'n Persoon se reputasie: Om 'n persoon se goeie naam deur naamskending, laster of skinder te steel, is 'n uiters verwoestende vorm van steel, want anders as geld of eiendom, wanneer 'n persoon se goeie naam gesteel word, kan dit omtrent nooit ten volle herstel word nie.
  - b. 'n Persoon se waardigheid: Die daad van steel van 'n persoon se waardigheid is bekend as "vernedering". Om 'n persoon te verneder, veral in die openbaar, kan permanente skade aanrig aan dit wat miskien die kosbaarste ding is wat enige een van ons besit, ons waardigheid.
  - c. 'n Persoon se vertroue: Om 'n persoon se vertroue te steel, is om iemand te "mislei". In Hebreeus is die term om iemand te mislei (te truuk) letterlik "om kennis te steel". Een voorbeeld is om iemand te mislei met die aankoop van 'n huis deur nie vir die voornemende koper al die foute van die huis uit te wys nie. 'n Ander voorbeeld is om iemand te mislei deur valse uitsprake van liefde te maak om daardeur materiële of seksuele gunste te verkry.
  - d. 'n Persoon se intellektuele eiendom: Hierdie vorm van steel sluit alles in van kopieëring van sagteware, aflaai van musiek en fliks sonder om daarvoor te betaal, tot die steel van 'n persoon se woorde (plagiaat pleeg).

Om 'n lewe te steel, 'n persoon te steel, 'n gade, materiële eiendom, intellektuele eiendom, 'n reputasie, waardigheid, of vertroue - daar is nouliks geen aspek van menslike lewe wat nie seergemaak word, somtyds



onomkeerbaar, deur te steel nie! Dit is hoekom dit billik is om te sê dat as almal net een Gebod van die 10 Gebooe onderhou, dat die onderhouding van die Gebod "moenie steel nie" amper op sy eie, 'n wonderlike wêreld tot gevolg sal het.

## 9. Jy Mag Nie Valslik Getuig Nie -

Die Negende van die 10 Gebooe is:

"Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie."

Dit beteken twee dinge:

- i. Moenie leuens vertel wanneer jy in die hof getuig nie;
- ii. En moenie leuens vertel nie, punt!

Onthou, vir 'n aksie om verbied te word of vereis te word in die 10 Gebooe, moet dit fundamenteel wees in die skeep van 'n beskawing. So belangrik soos donkie-ry was toe die 10 Gebooe gegee is, bevat die 10 Gebooe geen Gebod om jou donkie verantwoordelik te ry nie.

'n Beskawing kan slegte donkie-bestuurders oorleef, maar dit kan nie minagting van waarheid oorleef nie, binne of buite 'n hofsaal.

Sou mense valslik in 'n hof getuig, kan daar nie geregtigheid geskiet nie, en sonder selfs die hoop op geregtigheid kan daar geen beskawing wees nie. Die Hebreeuse Bybel was so vasbeslote oor hierdie onderwerp dat die straf op 'n getuie, wat valslik getuig het, dieselfde straf sou wees wat uitgedeel sou word aan die aangeklaagde, sou die valse getuienis geglo is. Daarom, in die geval van 'n misdaad wat strafbaar was met die dood, was 'n valse getuie aanspreeklik om die doodstraf te ontvang.

Maar die Gebod is duidelik besorg oor waarheid in die algemeen, nie net in 'n hofsaal nie. Beide die groot Joodse kommentator Ibn Ezra en een van die mees invloedryke Bybelkenners van die 20ste eeu, Brevard Childs van Yale Universiteit, stem saam dat hierdie Gebod gaan oor "waarheid-praat" in die algemeen. Brevard Childs het uitgewys dat sou die 10 Gebooe uitsluitlik besorg was oor "waar en vals in 'n hofsaal", sou dit woorde bygevoeg het soos "in die hof".

Daar is baie belangrike waardes in die beskawing maar waarheid is waarskynlik die mees belangrike. Goedheid en medelye mag dalk die belangrikste waardes wees in die mikro- (of persoonlike) gebied, maar in die makro (of beskawings-) gebied, is waarheid selfs meer belangrik as goedheid of medelye.

So te sê alle beskawing-booshede, soos Afrika-slawerny, Nazisme of Kommunisme was op leuens gebaseer. Daar was slawehandelaars, Nazis en Kommuniste wat barmhartig was in hul persoonlike lewens, maar almal van hulle het groot leuens vertel en ook geglo, wat hulle in staat gestel het om deel te neem aan groot booshede.

- Swart-slawerny was in 'n groot mate, moontlik gemaak deur die leuen dat swartes minder mens was as wittes.
- Die Joodse volksmoord sou onmoontlik gewees het sonder dat miljoene mense die leuen geglo het dat Jode minder mens was as Hitler se Aryan "verhewe ras".
- Kommunistiese "een-wet-staatstelsels" is totaal op leuens gebaseer. Dit is hoekom die Soviet-Unie se Kommunistiese party koerant genoem was "PRAVDA", die Russiese woord vir "waarheid", want DIE PARTY, nie-objektiewe realiteit, was die bron van "waarheid" gewees.

Daar is net soveel boosheid wat deur individuele sadiste en kranksinniges gedoen kan word. Om miljoene mense dood te kan maak, moet normale, en selfs ordentlike mense leuens kan glo. Massa-boosheid word gedoen nie omdat 'n groot hoeveelheid mense daarop uit is om boos te wees nie, maar gebeur omdat hulle leuens gevoer word wat hulle oortuig dat wat boos is, eintlik goed is.

Die 10 Gebooie is daar om almal van ons te waarsku en met baie min uitsonderings, soos die onmiddellike redding van onskuldige leuens, is geen saak meer belangrik as "waarheid-praat" nie.

Die 10 Gebooie is die wonderlikste lys van instruksies nog ooit bedink vir die skep van 'n goeie beskawing, maar so 'n beskawing kan nie geskep word of onderhou word as dit nie op waarheid gebaseer is nie.

## **10. Jy Mag Nie Begeer Nie -**

In die 10 Gebooie is Gebod 6, 7, 8 en 9 dié wat dade van boosheid verbied. (Moord, Egbreek, Steel en Meineed)

Dan is daar 'n Gebod wat verbied: "Dit wat aanleiding gee" tot moord, egbreek, steel en meineed. Watter een is dit? Dit is die laaste van die 10 Gebooie:

"Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie."

Om hierdie Gebod te kan verstaan, asook sy unieke betekenis, is die eerste ding om te verstaan dat hierdie die enigste Gebod van die 10 Gebooie is wat wetgewing op "denke" plaas! Alle ander Gebooie plaas wetgewing op "gedrag". Om die waarheid te sê, feitlik geen een van die 613 wette in die vyf boeke van Moses verbied denke nie.

Waarom dan sal die 10 Gebooie 'n Gebod insluit wat denke sou verbied? Want dit is "begeertes" wat so dikwels tot boosheid lei. Of, om dit anders te stel: Begeertes is wat aanleiding gee tot oortreding van die voorafgaande vier Gebooie: moord, egbreek, steel en meineed.

Dink daarvoor na - Hoekom doen mense daardie dinge? In die meeste

gevalle is dit omdat hulle iets BEGEER wat aan 'n ander persoon behoort.

- Natuurlik is dit die rede hoekom mense steel. Diewe BEGEER hul slagoffers se eiendom.
- Dit is ook die rede vir menigte moorde.
- Begeertes is ooglopend ook die rede vir egbreek omdat die gade van 'n ander persoon BEGEER word.
- Meined, oftewel "vals getuienis gee", word dan gepleeg om al die ander misdrywe, veroorsaak deur begeertes, te probeer bedek.

Om te verstaan hoekom begeertes die een gedagte is wat verbied word in die 10 Gebooe, en een van die enigste gedagtes wat in die hele Hebreeuse Bybel verbied word, moet ons verstaan wat begeer beteken. Dit is net so belangrik om te weet wat dit NIE beteken nie.

Om te "begeer" is baie meer as om net "te wil hê". Die Hebreeuse woord "Lagmud" beteken: "om te wil hê tot die punt om te soek om weg te neem en te besit – iets wat behoort aan 'n ander persoon".

Neem kennis: daar is twee "koöperatiewe elemente" hier: "soek om..te besit" en "behoort aan 'n ander persoon"

Om te "soek om..te besit" is nie NET begeer nie, of in die geval van jou buurman se gade, net met wellus te begeer nie.

Beide "jaloesie" en "wellus" word nie in die 10 Gebooe verbied nie. Onbeheerde jaloesie en wellus kan verseker lei tot slegte dinge, en hulle kan beide sielkundig en emosioneel destruktief wees, maar beide word nie in die 10 Gebooe verbied nie. Hoekom nie? Omdat beide nie dieselfde as begeer is nie. Dit is begeertes wat omtrent altyd lei tot steel, egbreek en partykeer selfs tot moord.

Laat ek dit op 'n ander manier verduidelik: Die Tiende Gebod verbied jou NIE om te sê: "Sjoe, wat 'n mooi huis of motor of gade wat my buurman het - ek wens ek het so 'n huis of motor of gade gehad."

Dit kan destruktief eindig MAAR dit kan ook konstruktief eindig deurdat dit jou moontlik kan aanmoedig om harder te werk en jou lewe te wil verbeter sodat jy wel jou eie huis, motor of gade kan bekom, soos jou buurman s'n.

Dit is wanneer jy "soek om weg te neem en te besit" - hierdie spesifieke huis of motor of gade wat aan 'n ander persoon behoort, dis HIER waar boosheid plaasvind! DIT is wat die Tiende Gebod verbied!

Daarom is een van hierdie 10 Gebooe, hierdie 10 basiese reëls vir lewe, dat ons eenvoudig nie onself kan toelaat om te begeer wat aan ons naaste behoort nie! Wat ook al aan 'n ander persoon behoort, MOET beskou word as HEILIG. Ons KAN NIE soek om enigiets te besit wat aan 'n ander behoort nie, want SLEGS boosheid kan daarvan kom.

---oooOOOooo---